

PINKSTER 2008

“FAMILIES IN DIE KRAGVELD VAN DIE GEES”

Beste kollega,

Met die skryf van die reeks vir Pinkster 2008 is daar binne die volgende spanningsveld beweeg:

- Terwyl die reeks moes fokus op gesinne, weet ons almal dat kerngesinne soos ons dit vroeër leer ken het in baie gevalle nie meer bestaan nie. In 'n opname onder graad 3's by 'n plaaslike laerskool in 'n oorwegend Afrikaanssprekende voorstad is gevind dat meer as 60% van die kinders uit gesinne kom wat nie meer 'n eerste pappa of mamma het nie.
- Die versoek van ADD was dat die reeks ontwikkel moet word vir gebruik in die breë NG Kerkfamilie. Behalwe vir die gegewene van diep kulturele verskille tussen die onderskeie groepe gaan die gebruikers van die reeks ook wissel van dominees in voorstedelike gemeentes tot ouderlinge in die verre platteland. Voorwaar 'n uitdaging!

In die lig hiervan is ek al te bewus daarvan dat die reeks op geen manier alles vir almal kan en sal wees nie en bied dit daarom hoogstens met groot nederigheid aan as riglyne vir die gesprek in jou gemeente.

Ek vertrou dat die reeks met die tema: “Families in die kragveld van die Gees” sal bydra tot 'n verdiepte gesprek oor familiewees.

Ek moet ook dankie sê vir kollegas (Marina Strydom, Kobus Myburgh, Colin Goeiman hier in die Noorde) wat my baie gehelp het in die oorspronklike nadink oor die reeks en in die besonder vir Ernst Endres en Willem Pretorius wat baie waardevolle bydraes gemaak het in verdere gesprekke.

Ek het terwyl ek geskryf het, bly bid: **Kom, Skepper-Gees! Veni Creator Spiritus!**"

Johan Pienaar
Riviera

1. BAIE FAMILIES – ÉÉN DEUR - ÉÉN VADER

Efesiërs 2:14 *Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. 15 Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. 16 Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. 17 Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. 18 Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*

Sommiges van ons het groot geword met die mooi lied uit “*The Sound of Music*” wat sê: “*Let’s start at the very beginning, which is a very good place to start*”. Dit is goeie raad. Ook vir hierdie reeks.

Ons sal eers moet seker maak wat die basis of oorsprong van ons nadenke oor families is. Enige persoon wat al huis gebou het sal weet dat die owerhede jou verbied om enigsins verder te bou voordat hulle nie die fundamente geïnspekteer het nie. Ons sal ook moet begin by die argitek van families – by God-drieënig.

Daar is baie maniere hoe ons na families kan kyk en oor hulle kan praat. Kom ons noem net 'n paar. Daar is groepe wat oor families praat vanuit hulle bepaalde kultuur - *die sogenaamde omgewingsbril*. Hoe hulle gemeenskap funksioneer, bepaal hulle nadenke oor families. Die verhouding tussen man en vrou is 'n goeie voorbeeld. Baie westerse groepe sal vanuit hulle tradisie 'n heel ander stel reëls vir die verhouding aanlê as mense uit die Arabiese- of Afrikalande.

Daar is ook die *politieke bril*. Die kommunistiese party in Rusland het na die Russiese revolusie die huwelik vir 'n tyd lank afgeskaf omdat dit vir hulle 'n voorbeeld was van 'n onderdrukkende godsdienstige sisteem. Hulle het vanuit hulle politieke stelsel na die familie gekyk.

Dan is daar die *eng Bybelse bril*. Hier moet ons baie versigtig praat. Dit gaan nie hier oor die gebruik van die Bybel as riglyn vir families nie. Dit gaan oor die eng en willekeurige gebruik van sekere tekste om 'n modelgesin of -familie te beskryf. 'n Goeie voorbeeld is Paulus se opdragte vir die optrede van 'n vrou in die erediens in 1 Timoteus 2:11. Hier word vroue die sogenaamde swyggebod opgelê en dit word deur sommige groepe gebruik (misbruik) om die vrou laer op die rangorde in die familie te plaas.

Ons sal baie moeite moet doen met 'n *teologiese nadink oor families*. Kom ons verduidelik. Die woord teologie beteken letterlik woord(e) oor God. Hierdie uitgangspunt vra dat ons ons nadenke oor families ten diepste grondves op ons nadenke oor God en sy verhouding met sy familie. Dit vra dat ons alles wat ons oor families sê moet kan terugherlei na God se verhouding met ons.

Die boek Efesiërs help ons baie daarmee. Kom ons fokus vanaand uit die gelese deel op twee begrippe.

Die eerste is: "IN CHRISTUS". Wat beteken dit? In Efesiërs 1:3 skryf Paulus: *Hy (die Vader) het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.* Die Vader wil vir ons families alles gee wat ons nodig het. Alles. Ook in 2008 wil Hy vir ons alles gee wat ons nodig het. Ons kan dit egter net deur Jesus kry. As jy Efesiërs deurwerk, sal jy sien dat daar nie minder nie as 27 maal "*in Jesus*" staan. Dit is van die woorde wat die meeste in die boek voorkom. Dit is amper of Paulus gedink het: al vergeet hulle alles wat ek vir hulle geskrywe het, moet hulle tog net onthou dat 'n mens die seëninge en volheid net in Jesus kry.

Daar is 'n verhaal wat dit wonderlik illustreer.

'n Welgestelde man en sy seun het daarvan gehou om skaars skilderye bymekaar te maak. Hulle het 'n wonderlike versameling gehad, van Picasso tot Raphael. Hulle sou baie saam sit en die grootse werke bewonder. Toe die oorlog in Viëtnam uitbreek is die seun opgeroep om te gaan veg. Hy was baie braaf en het in 'n geveg gesneuwel terwyl hy besig was om 'n ander soldaat se lewe te red. Hulle het vir die pa laat weet en hy het diep gerou oor die verlies van sy enigste seun.

Omtrent 'n maand later, net voor Kersfees, was daar 'n klop aan die deur. 'n Jong man het daar gestaan met 'n groot pakkie in sy hand. Hy sê vir die pa: "Meneer, jy ken my nie maar ek is die soldaat vir wie jou seun sy lewe opgeoffer het. Hy het daardie dag baie lewens gered en was besig om my na veiligheid te dra toe 'n dwaalkoeël hom in die hart getref het. Hy het onmiddellik gesterf. Hy het baie oor jou en jou liefde vir kunswerke gepraat." Toe hou hy die pakkie uit. "Ek weet hierdie is nie veel nie. Ek is nie regtig 'n kunstenaar nie, maar ek dink jou seun sou wou hê dat ek dit vir jou gee."

Die pa het die pakkie oopgemaak. Dit was 'n skildery van sy seun, geskilder deur die jongman wat voor hom gestaan het. Die pa was verstom oor hoe die soldaat daarin geslaag het om die persoonlikheid van sy seun in die skildery vas te vang. Hy het die jongman bedank en aangebied om hom vir die skildery te betaal. "O, nee meneer, ek kan nooit genoeg betaal vir dit wat jou seun vir my gedoen het nie. Hierdie is 'n klein dankie-sê."

Die pa het die portret bo sy kaggel gehang. Elke keer as mense hom kom besoek het, het hy eers vir hulle vir hulle die skildery gewys voordat hy hulle na enige van die ander bekende skilderye geneem het. Die pa is self 'n paar maande later dood. 'n Groot veiling is gereël vir die verkoop van sy skilderye. Baie invloedryke mense het opgedaag met die hoop om van die skilderye te sien en dalk een te kan koop. Voor op die verhoog, heel voor, was die skildery van die seun. Die afslaer het begin: "Ek vra 'n bod vir die skildery van die seun. Wie gaan bieder op hierdie skildery." Daar was 'n doodse stilte. Toe skreeu iemand van agter uit die gehoor: "Ons wil die beroemde skilderye sien. Los die een." Die afslaer het egter aangehou. "Ek wag vir 'n aanbod op hierdie skildery. Wie gaan die eerste aanbod maak? \$100, \$200?"

Die gehoor het moeilik begin raak: "Ons het nie gekom om die skildery te sien nie. Ons is hier vir die Van Goghs, die Rembrandts. Kom by die belangrike skilderye!"

Die afslaer het egter aangehou: "Die seun! Die seun! Wie vat die seun?"

Uiteindelik praat iemand van agter uit die saal. Dit was die jarelange tuinier van die man. "Ek sal \$10 gee vir die skildery." As arm man was dit al wat hy kon bekostig.

"Ons het \$10, wie bieder \$20?"

"Gee dit vir hom vir \$10. Laat ons kom by die meesters."

"\$10 is die bod, wil niemand \$20 bieder?"

Die gehoor het rumoerig begin raak. Hulle het nie belang gestel in die skildery van die seun nie.

Die afslaer het met sy hamer op die tafel geslaan. “Vir die eerste maal, vir die tweede maal, verkoop aan die meneer daar agter vir \$10!”

‘n Man in die tweede ry het uitgeroep: “Nou kan die werklike veiling begin.”

Die afslaer het egter sy hamer op die tafel neergesit. “Ek is jammer, die veiling is verby.”

“Wat van die skilderye?”

“Ek is jammer. Toe ek gevra is om die veiling te hanteer het hulle vir my genoem van ‘n geheime bepaling in die testament van die man. Ek mag dit vir niemand vertel het nie.

Net die skildery van die seun sou verkoop word. Wie die skildery van die seun gekoop het, erf al die ander besittings, ook die skilderye.

WIE DIE SEUN VAT, KRY ALLES!”

Mense hoor dikwels in die kerk dat Jesus vir hulle aan die kruis gesterf het en dat hulle saam met hulle families na Hom toe moet gaan om geseën te word. Dan stap hulle daar uit en dink: ai, dit was 'n mooi preek. Ons moet van nou af baie meer Bybel lees, bid, en as familie meer eredienste bywoon. Mense sukkel om te aanvaar dat Jesus alles klaar gedoen het. Ja, dit is maklik en moeilik! Wat sal nie vanaand gebeur wanneer al die families wat die boodskap hoor, boaan hulle familie-wees skryf: “In Jesus, in Jesus, in Jesus” nie.

Wat het Jesus kom doen? Paulus skryf dat Hy vir almal wat in Hom glo vrye toegang tot die Vader kom gee het. Dit is die tweede belangrike begrip. **ONS HET AS FAMILIES VRYE TOEGANG TOT DIE VADER.**

God is vir almal wat deur Jesus na Hom toe kom, Vader. In die eerste plek geld dit vir die breë familie van God. Hy is nie vir een kultuurgroep, volk, taalgroep of kerk Vader en nie vir die ander nie. Die Bybel kan dit nie sterk genoeg stel nie: geen mens, kerk of volk het alleenreg, of 'n groter reg as ander op die Vader nie.

Nêrens in die Bybel kry ons enige plek waar God Hom eksklusief vir 'n paar mense beskikbaar stel nie. Nie in die Ou of Nuwe Testament nie! Wanneer iemand deur Jesus na Hom toe gekom het, is God volledig, in alle opsigte, sy of hulle Vader. Dit geld ook vir jou familie! Jesus het ook vir jou familie die deur na die Vader oopgemaak. Jesus het die deur vir al die lede van jou familie na die Vader oopgemaak. Hoe die geskiedenis of samestelling of huidige situasie van jou familie ook al mag wees, kan jy weet: ons het deur Jesus 'n Vader en ons het vrye toegang tot die Vader. Soos Hy die Vader vir Jode en nie-Jode geword het is Hy die Vader vir heel families en gebrokenes; vir die wat het en die wat lankal reeds verloor het. Sonder uitsondering.

Hy is daar en Hy is daar vir jou en joune. Laat dit vanaand soos 'n lepel kondensmelk op jou tong lê. Ons het 'n Vader en ons kan te enige tyd met alles na Hom toe gaan.

2. DIE VADER LEEF VERSKEIDENHEID

Efesiërs 4:1 *Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.*

² *Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.* ³ *Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.* ⁴ *Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.* ⁵ *Daar is net één Here, één geloof, één doop,* ⁶ *één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.* ⁷ *Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.*

As daar 'n woord is waaroor ons baie versigtig maar ook dringend moet praat is dit die woord "verskeidenheid".

Ons moet met groot versigtigheid praat omdat baie mense van die begrip verskeidenheid of diversiteit 'n geleentheid maak om te sê "*anything goes*" en "*whatever works for you*". In ons tyd is daar groepe wat verskeidenheid tot die hoogste en enigste maatstaf verhef. Vir hulle is daar geen vasstaande waarhede nie. Daar is geen groot verhaal waarna ons moet luister nie. Daar is geen gemeenskaplike waardes nie. In die woorde van die ou liedjie: "*Dis die blond, dis die blou. Elkeen is anders – Dis al*". So 'n standpunt maak enige nadenke oor geesvervulde families onmoontlik, behalwe om te sê dat daar niks definitiefs is om te sê nie.

Die ander kant van die muntstuk is natuurlik om te sê dat ons almal dieselfde moet wees en lyk. God het, met alle respek gesê, 'n afdruk soos ouma se soetkoekie-afdrukker en daarmee vorm Hy alle gesinne en families om dieselfde te lyk. Ons moet net die vorm ontdek en almal help om by hierdie vorm in te pas. Hierdie is amper nog gevaarliker as die eerste standpunt. Kom ons praat bietjie vollediger hieroor.

Die eerste vraag is natuurlik of daar in die Bybel een model vir families is wat ons net moet ontdek en toepas. Die antwoord hierop is: NEE. Elkeen wat eerlik met die Bybel omgaan, staan verstom oor die wye spektrum van familie-wees in die Bybel. Kom ons noem 'n paar voorbeelde: Die Ou Testament ken 'n patriargale sisteem waarin die pa die hoof van sy huis is en almal, sy vrou/ens, kind/ers, slaaf/we deel vorm van sy huis.

Grond- en ekonomiese redes het huwelike bepaal en kinders van so jonk as 12 tot 13 is op grond hiervan in die huwelik bevestig. Poligamie (meer as een vrou) was algemeen en in Leviraatshuwelike was die gebruik dat 'n man met sy broer se vrou in die huwelik moes tree as die broer voor hom sou sterf.

Verder veronderstel die Bybel by geleentheid 'n familielewe waarin kinderarbeid en slawerny algemene gebruik was! In beide die Grieks-Romeinse en die Joodse wêreld het die hoof van die familie ook 'n absolute wetlike gesag oor sy vrou, kinders, slawe en eiendom gehad.

Ons kom ook agter dat antieke families onderling van mekaar verskil het. So het daar bepaalde ontwikkelings in hoe families gefunksioneer het, plaasgevind in die ongeveer 1200 jaar wat deur die Ou Testament beskryf word. Daar is ook verskille in hoe families in die Joodse, Griekse en Romeinse wêreld tydens die Nuwe-Testamentiese tydperk geleef het.

Dit alles sê vir ons dat daar nie 'n eenvoudige model is wat ons net so kan aflees en toepas nie.

Kan ons vir 'n paar oomblikke terugkom na ons eie situasie en sê dat dit in ons tyd nie veel anders lyk nie. Ons samelewing bestaan uit 'n wye verskeidenheid families. Kom ons noem 'n paar: **kernfamilies** (eerste huwelik ouers en kinders), **saamgestelde families** (tweede huwelike waar dit my, jou en ons kinders is), **oupa en ouma families** (beide ouers is dood en nou maak oupa en ouma hulle groot), **enkelouers** (waar ouers geskei is of waar een van die huweliksmaats gesterf het) en dan selfs "**childheaded families**" (beide ouers is dood en die oudste van die kinders, wat so jonk soos 11,12 kan wees, is dan in beheer van die familie. In baie gevalle het beide ouers agv VIGS gesterf).

Hoe moet ons hieroor dink. Die vraag, het ons gister gesê, is hoe God daarvoor dink. Hoe dink God oor verskeidenheid? Die vraag is dalk eerder hoe leef God verskeidenheid? Iemand skryf hieroor: "*Christene moet vanuit die bestaan van God as 'n Drie-enige wese leer verstaan wat verskeidenheid tussen families en binne 'n familie beteken. In die eenheid en verhouding tussen Vader, Seun en Gees vind Christene 'n voorbeeld van wat dit beteken om aan mekaar verbind te wees en in verhouding tot mekaar te leef (Johannes 17). Vanuit hierdie verhoudings kan ons aflei wat dit beteken om familie vir mekaar te wees. God word nie bedreig deur verskeidenheid nie, maar demonstreer dit self.*" Laat ons dit vir mekaar eenvoudig stel: God se Drie-eenheid wys vir ons dat daar binne God se koninkryk genoeg ruimte is vir 'n wye verskeidenheid.

Ons moet vir mekaar bly sê dat die Bybel twee getroude volwassenes van die teenoorgestelde geslag as die ideale ruimte sien waarbinne kinders grootgemaak behoort te word, maar ons moet ook ewe sterk benadruk dat geen ander familietipe soos byvoorbeeld enkelouer families, gestigmatiseer behoort te word nie. Die kerk behoort op alle terreine aktief te bly deelneem aan die beskerming van die huwelik as instelling in die samelewing, maar die kerk en gemeentes sal ook baie ernstig moet kyk na hulle bediening en spesifiek die vraag moet vra of hulle bediening genoeg ruimte laat en voorsiening maak vir verskillende vorme van familie-wees.

God laat egter nie net ruimte vir verskeidenheid nie, maar Hy gebruik dit ook in sy groot genade. Alhoewel Hy nooit sy ideaal laat vaar nie, gebruik Hy die gebrokenheid van ons lewe om sy koninkryk te laat kom.

Rut se Leviraatshuwelik met Boas word God se voertuig om Jesus se voorgeslag mee te skep. Dawid se agtste huwelik, die keer met Batseba, bring Salomo met al sy wysheid voort. Lydia (enkelouer) staan uit as een van die sterkste ondersteuners van Paulus se bediening in klein Asië. God kan en wil ook jou familie gebruik.

Dit kan so maklik gebeur dat iemand in 'n erediens sit en die uitdagings en uitnodigings hoor en dink hoe kan ons ooit bykom? Dit kan gebeur dat die andersheid van iemand se situasie so verlamrend inwerk. Onthou dan die verhaal van 'n besondere jongman. Sy vader was 'n alkoholis wat hom laat in die aande wanneer dié dronk by die huis gekom het uit die bed gepluk het om musiek te oefen. Vier van sy broers en susters het vroeg gesterf. Sy moeder was sieklik met tuberkulose en het uiteindelik gesterf toe hy 16 jaar oud was, waarna hy sy twee jonger broers moes versorg. Hyself het op 26jarige leeftyd sy gehoor begin verloor. Wat 'n vreemde familie. Uit hierdie vreemde familie kom 'n besondere mens: sy naam: Ludwig von Beethoven.

Die Vader demonstreer egter nie net verskeidenheid en gebruik dit net nie, Hy skep verskeidenheid deur aan verskillende families en verskillende familieledede verskillende gawes te gee. Wanneer Paulus oor God se groot familie skryf, sê hy dat die Vader binne hierdie familie aan elkeen besondere geestelike gawes gee wat onontbeerlik is vir die groei van die gemeente (Ef. 4:7)

Hiermee skep Hy verskeidenheid. Party lidmate word as profete geroep, ander as herders en leraars; aan sommiges word die gawe van kennis gegee en aan ander die vermoë om tussen die geeste te kan onderskei, ensovoorts (1 Korintiërs 12). Die Bybel sê duidelik dat die een gawe nie belangriker, mooier, of begeerliker as die ander is nie. Almal is ewe onmisbaar vir die gemeente!

Mag ons glo dat hy dit ook in ons aardse families doen. Hy gee vir elke lid in die familie 'n besondere vermoë waarmee die lid die res van die familie moet seën en dien. Kom ons gee 'n tree verder en sê dat die Here aan die samelewing besondere families met besondere gawes gee om die samelewing op besondere wyses te dien. Ons tyd is vol verhale van mense wat vanuit hulle unieke situasie diens aan ander begin lewer het. Dink maar aan die enkel-mamma wat haar besondere gawes ontdek en 'n ondersteuningsgroep vir ander enkelouers begin, ouers wie se kinders geïmmigreer het en wat besluit om vanuit hulle ondervinding 'n eenheid by 'n tehuis vir kinders as hulle verantwoordelikheid te neem, ensovoorts.

Van die mees inspirerende verhale kom uit families wat weer nuut na mekaar begin kyk het en op 'n heerlike ontdekkingsreis gegaan het om die uniekheid van ander te begin beleef as gawes aan die familie.

Ons verloor verskriklik baie wanneer ons probeer om almal in die een koekie-afdrukker te vorm en nie die unieke gawes van die ander ontdek en geniet nie. Iemand skryf effens sinies: *“Mans en vroue trou omdat die ander een so anders is, en dan gebruik hulle die res van hulle lewe saam om die ander een te probeer verander.”* Die wat dit doen mis die heerlike geur wat elkeen op 'n unieke wyse in die familie kan indra.

Kan ons afsluit deur te noem dat die Sjinese al hulle woorde met prentjies skryf. So skryf hulle die woord “krisis” met die twee prentjies van die woorde “gevaar” en “geleentheid”. Daarmee sê hulle die belangrike ding dat elke krisis die potensiaal dra om of 'n “gevaar” of 'n “geleentheid” te wees.

Ons verskeidenheid kan 'n krisis wees as ons dit verkeerd beleef en bestuur of die wonderlikste geleentheid tot groei vir ons familie. Ons kan ons verskeidenheid vier. Verder, God word nie onkant betrap deur ons verskeidenheid nie, maar wil en gaan dit gebruik om sy koninkryk te laat kom. **God maak van ons krisisse sy geleentheid.**

3. DIE FAMILIE PRAAT OP 'N NUWE WYSE MET MEKAAR

Efesiërs 4:17 In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen. 20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig. 25 Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam. 26 As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie die duiwel vatkans gee nie. 28 As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee. 29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. 30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag. 31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

5:1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. 3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.

Warren W. Wiersbe vertel in sy boek *Be Rich* van 'n sekere Hetty Green wat bekend gestaan het as Amerika se suinigste vrou. Sy het koue pap geëet omdat dit te duur sou wees om dit warm te maak. Haar seun se been is geamputeer omdat sy in haar poging om gratis mediese behandeling te kry, te lank gewag het voordat hy behandel is. Sy het self dood in 'n winkel neergeslaan omdat sy met die handelaar geargumenteer het oor 'n prysverhoging. Die waarde van haar boedel in 1916? 100 miljoen dollar! Sy was 'n miljoenêr wat soos 'n bedelaar geleef het!

Efesiërs 4 waarsku teen 'n soortgelyke gevaar. Dit kan gebeur dat God vir ons reeds alles gegee het wat ons as familie nodig het en dat ons die nuwe lewe volledig het, maar dat ons nog steeds soos 'n bedelaar rondloop. Dit mag nie! Paulus stel dit so in vers 22: "*Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur die sondige begeertes verteer word.*"

Hoe lyk die lewe van die ou mens? Paulus gebruik drie woorde om die lewenswyse van die ou mens mee te beskrywe:

Porousin: Hierdie woord kom van '*poros*', 'n klip wat harder as marmer is. Hierdie klip is vir verskeie funksies gebruik soos om 'n gebreekte been mee te spalk en as skuurpapier. Paulus gebruik hierdie woord om mense te beskryf wat alle gevoel verloor en geen

emosies meer toon nie. 'n Sondige lewenswyse begin klein, maar wanneer jy met die gewoontes volhard, raak jy mettertyd gevoelloos en voel jy nie meer skuldig oor wat jy doen nie.

Appaleio: Hierdie woord beskryf 'n lewenswyse waar jy so vasgevang is in sonde dat jy nie meer omgee of mense weet wat jy doen nie. Jy gee nie meer om of jy mense skok met jou daade nie. In die verlede sou jy byvoorbeeld jou dwelm-, drankgewoontes of pornografie probeer wegsteek het, maar nou het jy alle gevoel van skaamte verloor en gee nie meer om wat mense sê nie!

Pleoneksia: Hierdie woord beskryf 'n lewenswyse van 'n arrogante mens wat gereed is om mense tot eie voordeel te gebruik of wat bereid is om op mense te trap om bo uit te kom. Hierdie mens sal vriendelik met jou wees as jy hom of haar tot voordeel is om sekere persoonlike doelwitte te bereik. Hierdie lewenswyse weet hoe om mense te misbruik.

So lyk die ou mens! Beteken die nuwe lewe dan nie dat al die dinge van die ou, dooie mens vanselfsprekend verby is nie? Nee, inteendeel. Galasiërs 5 sê dat daar in elke Christen, ná sy bekering, 'n oorlog tussen die ou en nuwe mens aan die gang is. Tot op ons laaste lewensdag moet ons die ou mens gedurig beveg en seker maak dat die nuwe mens groei, sterker word en die stryd wen. OOK BINNE ONS FAMILIES!

Een van die plekke waar die geveg binne ons families verbete gestry moet word is by die gebruik van ons tong. Kom ons praat vanaand oor woorde waarvoor daar in die nuwe lewe – nuwe families - nie plek is nie. DAAR IS NIE PLEK VIR LEUENS NIE. Efesiërs 4:25 *Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.*

Hierdie nuwe familie word deur Paulus met die beeld van 'n liggaam beskryf. Ons is lede van dieselfde liggaam! Ons moet die waarheid praat omdat ons lede van dieselfde liggaam is. Ons liggaam kan alleen veilig en gesond leef wanneer ons sintuie en sensus betroubare (ware) boodskappe na die brein stuur. Veronderstel dat jou hande aan iets raak wat brand, maar dit laat weet vir die brein dat dit koel en strekend is. Dit sal verseker die voortbestaan van die liggaam in gedrang bring.

Vir hierdie liggaam om gesond te funksioneer, mag daar geen leuens wees nie. Daar is twee vorme van leuens wat vermy moet word:

- die leuen van die woord; (halwe waarhede en leuens)
- die leuen van stilte; (byvoorbeeld verhale van molestering wat dood geswyg word)

'n Liggaam kan alleenlik gesond funksioneer wanneer elke liggaamsdeel boodskappe van waarheid na die brein kommunikeer en die brein dienoreenkomstig reageer!

Ons sal die waarheid in ons families moet vertroetel. Ons sal ook van ons families die kweekskool van die waarheid moet maak. Dit bly vir almal van ons skrikwekkend hoe vinnig 'n kind die woorde en voorbeeld van 'n ouer raaksien en navolg.

Wanneer jy weer met jou kind wil raas oor die leuen wat hy of sy vertel het van waar hulle die vorige aand was, vra eers vir jouself af wat hulle jou vir jou famielielid hoor sê het toe die by jou wou kom kuier of vir die skool toe hulle jou gevra het om te kom help met 'n funksie. Daar is nerens anders waar 'n kind die waarde en diepte van die waarheid so kan leer ken en waardeer soos by die ouers nie selfs die waarheid ten koste van.

Paulus gaan in Efesiërs 4:29 verder: *Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie.* Die woord “*sapros*” wat hier vir vuil taal gebruik word kan verskillende toepassings hê. Letterlik kan dit vertaal word met: “*decayed, rotting, rotten fish or fruit no longer useful for food; of no value, unfit.*” Hierdie woorde is negatief en afbrekend en laat die reuk van vrot vis agter. Dit wat gesê word en die manier waarop dit gesê is soos vrot vis.

Van die tipe woorde wat hier genoem kan word is **skinder**: Coleridge skryf in Christabel: “*Alas! they had been friends in youth; But whispering tongues can poison truth.*” Hoeveel families is nie al hierdeur vernietig nie.

’n Ander moontlike woord is **kragwoorde**. Hier kan ons dink aan gewone vloekwoorde, maar wanneer dit oor families gaan ook aan woorde waarmee mense mag oor mekaar uitoefen. Salomo verwys hierna as hy in Spreuke 18:23 skryf: *’n Arm mens pleit, ’n ryke antwoord skerp.* ’n Bekende prediker vertel hoe sy vrou vir hom bly sê het: “*In the pulpit, keep your voice down.*” Dit is woorde wat ek vanuit my bevoorregte posisie (man, ouer, gekwalifiseerde) gebruik om jou op jou plek te hou.

Dan is daar **woorde wat uit woede gebore is**. Een kommentaar beskryf dit soos volg: “*There are outbreaks of passion and long-lived anger. To the Christian the burst of temper and the long-lived anger are both alike forbidden.*” Woorde wat deur enige van hierdie emosies gedryf word hoort nie in ’n familie van God nie.

’n Vierde voorbeeld wat ons hier kan noem is dalk die gevaarlikste, naamlik **woorde wat eerlikheid losmaak van liefde**. Ons kan so maklik probeer wegkom met ’n gesindheid van: “*Ek is net eerlik, ek het hom vandag net die waarheid vertel*”. Binne ’n familie is daar ook vir hierdie tipe woorde nie ruimte nie. ’n Dominee preek een oggend oor die gelykenis van die talente en noem dat elkeen van ons ’n talent het wat ons moet gebruik. Na die tyd kom daar ’n tannie, wat nogal berug was vir haar tipe eerlikheid, en vra: “Dominee, ek weet wat my gawe is. Ek is altyd eerlik en deins van niks of niemand weg nie. Wat moet ek met my talent maak”, waarop die dominee antwoord: “Tannie, onthou jy die man met die een talent? Wat het hy met die talent gemaak?” “Begrawe” antwoord sy hom. Waarop die dominee met ’n sug sê: “Gaan maak jy net so.”

Die laaste wat Paulus vir ons hier noem is in Hoofstuk 5:4 **Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie**. Die klem moet hier val op woorde *wat nie pas nie*, woorde wat nie pas by ’n familie van God; mense wat ’n nuwe kleed aangetrek het nie. Hoor weer hoe Paulus skryf: *Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word...*

Wat ’n uitdaging om ook in ons woorde hierdie nuwe familiewees te demonstreer.

4. DIE FAMILIE PRAAT NUWE DINGE MET MEKAAR

Efesiërs 4:29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. 30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag. 31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Efesiërs 5:1 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. 3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.

Ons het gisteraand vir mekaar gesê dat daar sekere woorde is wat nie pas by 'n familie wat deel geword het van God se familie nie. Kan ons mekaar net weer herinner dat daar binne God se familie net ruimte vir die waarheid is. *Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.*

Hoofstuk 4:29 het ons herinner dat *vuil taal nooit uit ons mond moet kom nie*: hier het ons gedink aan dinge soos skinder, kragwoorde, woorde wat uit woede gebore is en woorde wat eerlikheid losmaak van liefde. Ons het afgesluit met Paulus wat uitroep: “*Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie.*”

Gelukkig is die negatiewe bevel nie die fokus van Paulus se brief nie. Die opskrif vir hierdie deel in Paulus se brief is “*Riglyne vir die nuwe lewe*”. Paulus is nie besig om in die eerste plek vir ons te wys wat ons nie moet doen en hoe ons nie moet praat nie, maar om ons te help om so te leef en te praat dat ons as familie al die kenmerke van familie van God sal dra.

Kom ons kyk weer na die skrifdele van gisteraand, maar dan spesifiek na die tweede helftes. Efesiërs 4:29 sê: “*Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.*” In die oorspronklike taal is daar drie bakens in die teks.

Eerstens moet ons woorde *volgens die eis van omstandighede wees*. Salomo beskryf hierdie tipe woord mooi in Spreuke 25:11 - *Goue appels wat in silwer gemonteer is, so is die regte woord op die regte tyd.*

Die fatale fout (noodlottige) van baie artikels in populêre tydskrifte is dat hulle ons wil laat glo dat daar die regte woord is wat jy tydig en ontydig kan uithaal en siedaar.... Jy moet net met die regte blom in die regte(r) hand die regte invalshoek hê en alles verander; jy moet net die een resepte toepas in 'n kind se tienerjare en alles gaan goed. Dit werk ongelukkig nie so nie.

Wanneer kan ons seker wees dat dit die regte woord op die regte tyd is. Sonder om weer in resepte te verval, help Efesiërs 4:15 ons baie: ... ons sal in **liefde** by die **waarheid** bly. Dit is die twee aanhalingstekens vir al ons woorde. Liefde en waarheid. Wanneer ons

onder leiding van die Heilige Gees 'n aanvoeling ontwikkel vir die omstandighede van die mense saam met wie ons leef, en binne die aanhalingstekens van die liefde en waarheid bly praat, sal ons alhoemeer beleef dat dit die regte woord op die regte tyd is.

Dit was die agtiende eeu. Nadat 'n man een aand lekker saam met sy vriende in die kroeg gekuier het, stap hy terug huis toe. Oopad terug ontmoet die Here hom soos Paulus van ouds en kom hy kragdadig tot bekering. Toe hy by die huis kom, gaan soek hy 'n Bybel en vat hy pad terug na sy maats toe. Die vraag wat by hom spook was egter: Wat moet ek lees? Ek ken glad nie die Bybel nie. Hy besluit om die Here te vertrou en om die deel te lees waar hy die Bybel oopmaak. Toe hy in die kroeg instap word dit na 'n ruk doodstil en almal kyk vir hom.

Hy maak die Bybel oop by Matt 1 - die geslagsregister van Jesus. Hy begin dadelik lees, maar hoe verder hy lees hoe meer sukkel hy met: Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon... en die hoonlag van sy vriende word net al hoe groter. Terwyl hulle so lag besef Hy skielik hoe lief Jesus hulle het en begin hy huil... en toe hy begin huil breek die genade van Jesus in daardie vertrek deur. Die regte hart (liefde) het Matt 1 die regte woord, op die regte tyd, vir die regte mense gemaak.

Die tweede baken wat Paulus noem is dat ons woorde moet *opbou*. Ons lees in Jesaja 50:4, *"Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat."*

Nathaniel Hawthorne het eendag moedeloos by die huis gekom en vir sy vrou gesê dat hy sy werk verloor het. Sy vrou het met vreugde uitgeroep: "Dis fantasties, nou kan jy jou boek skryf!" "En waarvan sal ons leef?" het hy sarkasties gevra. Sy maak toe die kluis oop en haal 'n houer uit. In die houer was 'n klomp geld. "Ek het altyd geweet dat ek met 'n fantastiese man getroud is. Ek het geweet dat jy eendag jou meesterstuk sou skryf. Daarom het ek elke week van die huishouding se geld gespaar. Hier is genoeg geld om ons 'n jaar te hou." So het Nathaniel die geleentheid gekry om *"The scarlet letter"* te skryf. Hierdie boek is in 1850 gepubliseer en het een van die grootste treffers van alle tye in Amerika geword. Sy vrou Sophia wat hom aangemoedig het om te begin skryf, maak die volgende opmerking in haar dagboek: *"I am always so dazzled and bewildered with the richness, the depth, the jewels of beauty in his productions that I am always looking forward to a second reading where I can ponder and muse and fully take in the miraculous wealth of thoughts."* Sophia het verstaan wat dit beteken om iemand met die woord op te bou.

Die woord vir "opbou" is in die Grieks *oikodomei* wat ook met "argitek" vertaal kan word. Ons moet argiteklike wees wat met ons woorde help om 'n beter en mooier lewenshuis vir ons familie te ontwerp.

Die derde baken is seker die belangrikste en mooiste. Paulus skryf: *sodat dit julle hoorders ten goede kan kom."* Die woord "genade" wat hier gebruik word sou ook met "genade" vertaal kon word. Ons woorde moet woorde van genade wees, moet genade sigbaar maak, moet genade indra, moet voertuie van genade wees. Elifas die Temaniet sê vir Job in hoofstuk 4:4: *"Jou woorde het dié wat struikel, opgebeur, dié wat wou val, het jy weer opgehelp."* Dit is woorde van genade.

Kom ons wees 'n bietjie meer spesifiek. Woorde van **bemoediging** is genadewoorde. Paulus skryf in 2 Kor 1:4: *"In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde*

bemoediging waarmee God ons bemoedig,” In 1 Samuel 23:16 lees ons “Jonatanhet toe klaargemaak en na Dawid gegaan en hom bemoedig in sy vertrouwe op God.”

‘n Woord van **waardering** is ‘n genadewoord. Mark Twain skryf dat hy twee weke kon leef op een goeie kompliment. Dit bly darem vreemd hoe moeilik dit vir sommige mense is om vir iemand anders te sê: “Jy lyk vandag so mooi”, “dankie vir dit wat jy in ons familie beteken”, “ek waardeer dit dat jy altyd soveel moeite met ons etes maak” of “ons is darem regtig gelukkig om julle as ons kinders te hê.”

‘n Laaste woord wat ons hier wil noem is woorde van **ondersteuning**. Hoeveel mense het al rus gevind in die bekende woorde van Psalm 23:4 “*Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.*” Die belangrike is dat die Here ons hande en voete en mond gebruik om sy ondersteuning op aarde sigbaar te maak. Een van die mooiste dinge wat ons seker vir mekaar kan sê is: “Ek is daar vir jou. Dit maak nie saak hoeveel draaie die lewe met jou loop nie. Ek is daar vir jou.”

Die volgende gebed som hierdie teks so mooi op:

Here, oral waar ek gaan, laat ek vingerafdrukke agter:

op die hande wat ek aanraak,

op mure, borde, ruite, deurknoppe, boeke ...

Daar is geen wegkomkans nie.

Help my, Here, om vandag waar ek ook al gaan hart-afdrukke na te laat.

Hart-afdrukke van regverdigheid en deernis, van begrip en liefde

van barmhartigheid en belangstelling;

hart-afdrukke van hartlikheid en vriendelikheid,

van opregte betrokkenheid en omgee.

Mag my hart vandag 'n ander hart aanraak

en 'n afdruk laat van u liefde ...

Here, stuur my vandag uit om hart-afdrukke op mense se lewe te laat.

Kom ons kyk nog vinnig na die laaste teks waarin Paulus die woorde van God se Familie beskryf naamlik hoofstuk 5:4 “*Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, **dank aan God pas by julle.***”

Hier gaan dit sekerlik nie net om ‘n dankie-gebed aan etenstafel nie, maar daaroor dat ons die woord “God” in ons huise indra. Alan Petersen skryf aangrypend dat ons enigste werk op aarde eintlik maar is om soos boemelaars deur die wêreld te stap en orals Jesus se naam te noem. As ons familieledede vir ons iets vra moet hulle “Jesus” hoor. Wanneer hulle baklei moet ons hulle met “Jesus” tot ruste bring. Wanneer hulle krities raak moet ons hulle met “Jesus” antwoord. Die bekende kerkvader Augustinus vertel dat sy ma hom aan ‘n nat spons laat dink het. Soos ‘n spons nie anders kan as om sy water orals te laat nie, so het sy ma in elke aanraking iets van Jesus agtergelaat.

Dink net wat sal gebeur as dit, as Hy die inhoud van ons woorde word.

Iemand skryf dat sommige mense in ons tyd al hoe minder praat en daarom al hoe minder sê. Daarteenoor skryf hy is daar mense wat al hoe meer praat en ook al hoe minder sê. Dalk het dit tyd geword dat ons ons woorde in ons families vul met inhoud wat werklik ‘n verskil maak, kom ons sê liewers met iemand wat ‘n verskil maak: Jesus.

5. DIE FAMILIE BESEF DAT LIEFDE ONONTBEERLIK IS

Efesiërs 5:1 *Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.*

3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. 5 Dit moet julle goed beseef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is - want gierigheid is afgodery - het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

1 Korintiërs 13:4 *Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5 Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6 Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

Kan ons mekaar herinner aan dit wat die Here vir ons die eerste aand in Efesiërs 2:14 -18 gesê het: *Christus is ons vrede Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.* Kan ons dit bietjie anders lees: Christus is ons vrede Deur Hom het ons almal, elke familie en alle familielede, vrye toegang tot die Vader.

In Hoofstuk 5 is dit byna asof Paulus sy hele gedagtegang onderbreek net om sy lesers hieraan te herinner. Hoor hom: *“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet..... Efese, dit is die wegspringplek, dit is die stilhouplek langs die pad, dit is die padaanwyser by die kruispaai: Hy is julle Vader, julle is sy kinders, Hy het julle lief.* Onthou, onthou, dit is waar alles begin het.

Dit is egter nie waar dit ophou nie. Die woord “omdat” sê dit. Hierdie liefde arresteer ons en dring ons, skryf Paulus in 2 Korintiërs 5. Hier in Efesiërs 5 skryf hy dat wanneer ek hierdie liefde leer verstaan en waardeer het, dan is my eerste begeerte OM DIE VOORBEELD VAN HIERDIE VADER NA TE VOLG. Die Griekse woord vir voorbeeld is 'n interessante woord, naamlik: “*mimetis*.” Dalk het jy dadelik een van ons Afrikaanse woorde daarin raakgesien naamlik “mimiek”. Wanneer ons die Vaderskap van God ontdek, moet en wil ek Hom mimiek. Mimiek is natuurlik om iemand na te boots sonder om 'n woord te praat.

Wanneer ons sy Vaderskap leer ken en sy liefde beleef wil ons Hom ook in ons familie-wees naboots. Hoe gaan ons dit doen?

Paulus is baie duidelik hieroor. Sonder om asem te skep sê hy: LEWE IN LIEFDE. Dis die eerste, dis die beginsel, dis die wegspringplek – lewe in liefde. Ook in ons familie. As ons Hom in ons families wil mimiek, moet ons in liefde leef.

Kom ons praat bietjie verder oor die liefde. Ook hier help die Woord ons baie. Dit is vir God so belangrik dat ons op die regte wyse teenoor mekaar optree dat Hy in 1 Korintiërs 'n hele lys eienskappe van hierdie liefde gee. Alhoewel die lys aanvanklik vir die gemeentelike familie geskryf is, kan ons dit heel gemaklik ook op ons aardse families toepas. Kom ons kyk na net 'n paar van die eienskappe:

- **"Die liefde is geduldig,"**

Hierdie is 'n moeilike versperring om te oorbrug. Die Griekse woord vir geduld, *makrothumia*, beteken letterlik "lankmoedig." 'n Mens wat dié liefde het, is lankmoedig, het 'n lang moed. So 'n mens kan nie ophou om lief te hê nie. Al sou die ander een wat ookal aan ons doen en hoe ookal op ons liefde reageer, mag ons nie ophou om lief te hê nie.

Dalk het jy ook al gevoel: Ek het al so baiekeer probeer, soveel keer teruggegaan, net om weer en weer teleurgestel te word. Genoeg is genoeg! Nou gaan ek jou terugbetaal en aan jou doen wat jy al oor so lang tyd aan my gedoen het. My verstand, hart en emosies skreeu dat dit nie so kan aangaan nie. Wanneer jy op dié punt kom moet jy steeds onthou dat liefde jou dring om aan te gaan waar ander lankal sou opgehou het.

Kahlil Gibran skryf êrens: "As ek nie daarin kon slaag om met die hitte van my liefde die ysblok in jou hart te laat smelt nie, is dit net omdat my liefde nie warm genoeg was nie. Dan moet ek vir jou net nog meer liefde gee."

- **"die liefde is vriendelik;"**

As daar een woord is waaroor daar 'n groot misverstand kan heers, dan is dit oor die woord "vriendelikheid." Vir baie mense beteken dit om vriendelik te glimlag as jou vriend by die voordeur staan, maar om jou ware kleure te wys as jou politieke opponent aan die deur kom klop.

Dit is nie hoe 'n vriendelike mens lyk nie. Dié vriendelikheid het nie 'n skakelaar waarmee dit aan en af geskakel kan word afhangend van wie die mens is wat voor jou staan nie. Ons sou die woord ook kon vertaal met sagtheid. Een Engelse vertaling praat van "*kindness*." Die mens met die liefde is sag. Jou oë waarmee jy na jou vrou kyk is sag, jou woorde waarmee jy die konflik met jou kind aanspreek is sag. Die mense wat onder jou werk getuig van die "sagtheid" waarmee jy hulle hanteer.

Die sagtheid moenie met swakheid verwar word nie. Die mens wat dié sagtheid het, deins nie terug van probleme of verantwoordelikhede nie en loop nie met 'n gesindheid van "laat gods water maar oor gods akker loop" nie. Allermens. Daar is egter 'n nuwe kwaliteit in die manier waarop hulle optree.

- **"Dit handel nie onweloweglik nie,"**

Die woord "onweloweglik" kan maklik verkeerd verstaan word. In die algemene omgangstaal word dit meesal gebruik vir die tipe dinge wat slegte mense met klein dogtertjies doen en ander soortgelyke misdrywe. Sou dit die diepste betekenis van die woord wees kon die meeste mense rustig agteroor sit en met verontrusting praat oor die sedelike agteruitgang van die wêreld. Dit gaan egter om veel meer. Ons sou die woord kon vertaal met so iets soos: "maak nie seer nie." Die mens wat liefhet maak nie seer nie. Nie met hulle woorde, dade, gesindhede of houdings nie.

Ons kan so maklik met 'n vernietigende kyk of 'n harde en genadelose woord oor mense se lewens heen loop. Met 'n onnadenkende opmerking laat ons hulle diep verwond agter. "Dink jy nie jy moes 'n bietjie meer bakpoeier in die koek gegooi het nie." "My mooiste 'vet' dogtertjie." "Siestog, dit is darem erg dat jy elke keer alleen moet kerk toe kom. Waar is jou man?"

Om lief te hê is om 'n groot radarskerm in jou hart te hê waarmee jy die diep gevoelens, emosies, onsekerhede en worstelinge van die mense in jou en ander families raaksien. Liefde is in die woorde van die bekende rolprent: "*Never having to say your sorry.*"

- **Liefde het 'n nuwe trefferslys**

Onthou jy die "*Top 20*" dae en die opgewonde bespiegeling deur die week oor watter plaat die eerste posisie op die trefferslys gaan inneem. Daardie dae is lankal verby, maar nou is dit so dat jy elke dag met 'n ander treffersparade werk; die treffersparade van wie die belangrikste persoon in jou lewe is.

Die moontlikheid en ontsettende gevaar is dat op die trefferslys jyself die nommer een plek inneem (en die nommer twee en drie plek). Baie van die spanning in huwelike en families kom juis van die stryd om altyd bo te wees, eerste te kom, in alles my sin te kry. Iemand het by geleentheid opgemerk dat dié wedywing wat somtyds tussen mense plaasvind, die tweede wêreldoorlog na 'n sondagskoolpiekniek laat lyk.

"Ek sal nie toegee nie. Ek sal nie eerste die hand na jou toe uitsteek nie. Ek weier dat ons jou keuse uitoefen. Onder geen omstandighede sal ek jou raad aanvaar nie. Ek het klaar gepraat en sal jy nou gaan doen wat ek vir jou gesê het!" klink in ons huise op. "My naam, wil, siening, besluite, koninkryk moet onder alle omstandighede gedien word."

Hierteenoor staan Jesus met sy verbysterende liefde. Hoor hoe beskryf Paulus dit in Filippense 2:6-8: "*Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.*"

Hy het Homself laaste op die trefferslys geplaas en vir jou eerste. "*Daarom*" sê Paulus in vers 9 "*het God Hom ook tot die hoogste eer verhef.*"

Wat sal gebeur as ons in ons families vanaand gaan sit en nadink oor hierdie wonderlike gedekte tafel van die liefde. Wat sal nie orals in ons land gebeur indien elkeen wat geluister het sou besluit om net aan een van hierdie sake aandag te gee nie.

6. FAMILIES OP 'N MISSIE

Efesiërs 5:6 Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. **7** Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie. **8** Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig. **9** Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is. **10** Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is, **11** en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak. **12** Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen. **13** Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val. **14** En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: "Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig." **15** Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. **16** Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. **17** Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

Christene kla baie oor die duisternis wat aan die toeneem is en hulle verwys nie noodwendig na Evkom nie. Hulle is reg! Die televisie, koerante en radio bevestig dit. Waardesisteme stort in duie. Die huwelik is op soveel fronte in die gedrang. Dwelmgebruik op skole neem skrikwekkend toe; gesinsgeweld is voorbladnuus, om maar 'n paar dinge te noem. Al wat nog moet gebeur vir die duisternis om finaal oor te neem, is dat Christene besluit om niks daaraan te doen nie. Efesiërs 5 daag ons families uit om teenoor hierdie vloed van duisternis te gaan staan – stuur ons op God se missie.

Onthou jy die kinderliedjie: "*Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans, skitter soos die sterre aan die hemeltrans. Jy in jou klein hoekie en ek in myn*"? Dit is die boodskap van Efesiërs 5 - ons families moet skynende ligte wees wat dag en nag in hierdie donker wêreld brand.

Hoe lyk so 'n lig? Ons gaan in die volgende paar aande hierop fokus. Vanaand eers 'n paar algemene eienskappe. Paulus noem 'n hele paar.

So familie laat hulle nie deur die bose mislei nie. Die duiwel is ongelooflik slu. Vandat die mensdom bestaan, weet hy dat dit nie help om mense trompop te loop met die volle onwaarheid nie. Mense sal skrik vir die vermetelheid van sy versoek(ing). Daarom verdraai hy die waarheid net so 'n klein bietjie en vra hy net 'n klein koersaanpassing. "Julle hoef nie teen God te rebelleer nie," sê hy vir Adam en Eva, "Eet net die klein ou vruggie, en julle sal soos Hy wees." Sy misleiding is 'n klein enetjie. 'n Familie van die Vader staan by die volle waarheid en weier om selfs in die geringste toe te gee. Hulle doen nie mee aan die onwaarheid van die wêreld nie, maar stel dit aan die kaak (vers 11).

So familie doen net dié dinge wat die Here gelukkig maak (vers 10). Die wêreld se enigste maatstaf is: wat kan ons hierdeur wen en wat gaan dit vir ons beteken? Die gevolge van die sonde en wat die Here daarvan dink, maak nie saak nie, solank hulle net die oomblik voluit kan geniet. Hulle praat ook heel maklik met minagting van die kerk (lig) omdat daar baie families in die kerk is wat net soos hulle leef. Die volgende storie illustreer dalk iets hiervan:

A man driving was being followed by a stressed out woman on a busy main road. Suddenly, the light turned yellow just in front of him. He did the right thing, stopping at the

crosswalk, even though he could have beaten the red light by accelerating through the intersection. The tailgating woman was furious and beeped her horn, screaming in frustration as she missed her chance to get through the intersection, dropping her mobile phone and makeup. As she was still in mid-rant, she heard a tap on her window and looked up into the face of a very serious police officer. The officer ordered her to exit her car with her hands up. He took her to the Police station where she was searched, finger printed, photographed and placed in a holding cell. After a couple of hours a policeman approached the cell and opened the door. She was escorted back to the booking desk where the arresting officer was waiting with her personal effects. He said, "I'm very sorry for this mistake. You see, I pulled up behind your car while you were blowing your horn, verbally abusing the guy in front of you and cursing him to hell & back. I noticed the 'What Would Jesus Do' bumper sticker, the 'Choose Life' sticker, the 'Follow Me to Sunday School' bumper sticker and the chrome-plated Christian fish emblem on the trunk... Naturally... I assumed you had stolen the car.'

Hoe sal dit die wêreld nie tot stilstand ruk nie wanneer hulle op ons families 'n bordjie sien waarop staan: "Onder nuwe bestuur" en ook agterkom dat dit regtig so is. Hulle aanklagte teen die kerk sal moet verdwyn wanneer hulle sien dat ons die Here laat glimlag met ons lewe!

Vers 15 sê dat ons versigtig moet leef. Iemand vertaal die teks só: kyk rond en maak seker dat jy die regte dinge doen. As die antwoorde op al die lewensvrae eenvoudig was, sou baie minder mense seker gestruikel het. Niks is egter eenvoudig en voor die hand liggend nie. Ons moet van alles seker maak en dit opweeg. In 1 Tessalonisense 5:21 staan dat ons alle dinge moet toets en die goeie moet behou. As selfs die duivel hom kan voordoen as 'n engel van die lig (2 Korintiërs 11:14), moet ons baie versigtig lewe. Dink twee maal oor 'n saak, bid drie maal en besluit dán een maal. As jy nie duidelikheid oor 'n saak het nie en dit nie met volle oortuiging kan doen nie, moet jy dit liewers laat!

In vers 16 gaan Paulus verder deur te sê: "**Maak die beste gebruik van elke geleentheid.**" Gryp die kans wat God vir jou skep om vir Hom en vir jou familie iets te beteken met albei hande aan. Dit is darem regtig tragies om te sien hoeveel Christene soos slaapwandelaars lewe sonder dat hulle die geleentheid gebruik wat die Here so oorfloedig vir hulle gee. Hulle is nie meer dood nie, net in 'n koma! Wanneer jy met hulle praat, sal hulle gou vir jou sê: "Ons wag net vir die regte kans," maar intussen gaan die lewe by hulle verby!

Ons ingesteldheid teenoor die lewe is so belangrik. As ons glo dat al die geleentheid nog moet kom, dan bly hulle tot aan die einde van ons lewe iets wat nog gaan kom. As ons egter aanvaar dat hulle nou reeds daar is, dan sien ons hulle raak en neem ons die kans waar om ons lig te laat skyn. Daar is 'n grafsteen in Frankryk met dié ontstellende woorde daarop gegraveer: *Hier lê 'n man met die beste voornemens.* Mag daar op jou graf staan: Hier lê iemand wat al sy/haar geleentheid gebruik het!

Nou kom Paulus by 'n belangrike opdrag wanneer hy skryf: **probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen** (vers 17). As daar een plek is waar ons baie keer worstel met die wil van die Heer, is dit in ons families. Hoe leer ons die wil van die Here ken? Daar is vier riglyne.

Dit is belangrik om te weet dat al die leiding van die Heilige Gees kom. Johannes 16:13 sê dat die Gees ons in die hele waarheid wil lei. Hy het op Pinksterdag gekom om God se wil aan ons bekend te maak. Hoe doen Hy dit? **Eerstens deur die Bybel.** Gaan lees

gerus 2 Timoteus 3:16: *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig . . . "* In die mate waarin ons die Woord van die Here bestudeer en dit ons eie maak, gebruik die Heilige Gees dit om ons die weg te wys (Psalm 119:105).

'n Tweede wyse waarop die Heilige Gees lei, is deur die **oopmaak en toemaak van deure**. In Handeling 16:6 lees ons dat die Gees Paulus verhinder het om die Woord in Asië te verkondig. Al die deure in daardie rigting was vir hom toegemaak. In Openbaring 3:8 word vir die gemeente in Filadelfia belowe dat God vir hulle deure sal oopmaak wat niemand kan sluit nie. Hoeveel maal het dit dalk nie al met ons gebeur dat ons in 'n sekere rigting beplan en beweeg het, net om voor 'n toe deur te staan te kom nie. As ons glo dat God 'n plan met ons familie het, en as ons bid dat God sy plan met ons lewe volvoer, moet ons aanvaar dat dit die Gees is wat die toe deur beskik het.

Baie keer is dit swaar om die toe deur te aanvaar en wil 'n mens tog probeer om die deur op die een of ander wyse oop te forseer. Groei kom wanneer ons aanvaar dat die deur net toe is om vir ons te wys op 'n ander deur wat groot en wyd oopstaan. As ons aanhou om die toe deur te probeer oopmaak, kan ons dalk net vind dat ons by die diensdeur was wat na die agterplaas van die paleis lei, en dit terwyl die hoofdeur na die banketsaal steeds uitnodigend oopstaan!

Hy maak ook van Christenvriende gebruik om vir ons raad te gee. Salomo stel dit so pragtig in Spreuke 27:9: *" . . . die genot van vriendskap lê in die raad wat jy kry."* Een van die mooiste voorbeelde hiervan, is seker Dawid en sy vriend Natan. In sy ou dag ontstaan daar by Dawid die begeerte om vir die Here 'n tempel te bou. Wanneer hy vir Natan daarvan vertel, beveel die Here in 2 Samuel 7 vir Natan in 'n droom om vir Dawid te gaan sê dat dit nie is wat Hy wil hê nie.

Vertel gerus vir jou Christenvriende van jou worstelinge en soeke. Dit kan maklik gebeur dat julle self in so 'n maalkolk van gedagtes en moontlikhede beland, dat dit dringend noodsaaklik is dat iemand anders langs julle staan om saam met julle na die stem van die Here te luister. En as hulle anders antwoord as wat jy graag wou hoor, onthou Spreuke 24:26: *"Iemand wat eerlik antwoord, is 'n ware vriend."*

Laastens gebruik die Gees ons gesonde verstand om ons te lei. Miskien is dit vir jou 'n verrassing om dit te hoor. 'n Mens is mos geneig om te dink dat die Here juis ons verstand wil uitskakel as dit by sy wil kom, dat 'n mens amper "dom" moet word om te weet wat God se wil is. Baie mense het al gesê: "Maar dit is dan juis my verstand wat keer dat ek God se wil raaksien. My verstand sê vir my só, maar dit lyk asof God iets anders wil sê." Hoor weer wat Paulus in Romeine 12:2 skryf: *" . . . laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, . . . "*

God wil, soos met elke faset van ons lewe, ook ons verstand beheer, vernuwe en verander, sodat Hy ons ook deur ons "gesonde" verstand kan lei.

Wat 'n heerlike hoofstuk. Wat 'n uitdaging om op hierdie wyse ons lig te laat skyn. Wat 'n geleentheid om op hierdie manier 'n verskil te maak in 'n donker wêreld en om waarlik op God se missie te wees.

7. DIE FAMILIE LEEF KERK IN HULLE HUWELIKE

Efesiërs 5:21. *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. 22 Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. 23 Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk. 24 Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. 25 Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. 26 Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27 sodat Hy die kerk in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. 28 Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, 29 want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen 30 omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. 31 Daar staan in die Skrif: “Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” 32 Hierin lê daar ’n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk. 33 Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en ’n vrou moet aan haar man eerbied betoon.*

Kom ons praat vanaand oor die huwelik.

Eers net twee baie belangrike opmerkings: Eerstens moet ons waak teen ’n klompie mites wat kan keer dat ons gesprek vanaand enigsins sin maak. Daniël Louw skryf in in ’n boekie van hom *“Liefde is vir altyd”* oor tien van hulle. Ons noem ’n paar:

1. ’n Mens moet net glo dat God mense saamvoeg en dit sal alles outomaties reg laat uitwerk.
2. ’n Troue is vanselfsprekend ’n huwelik. Jy hoef dus nie aan jou huwelik te werk nie.
3. Selfverloëning beteken om maar altyd die minste te wees, daarom is daar weinig wat jy aan jou situasie kan verander.
4. Verskil in persoonlikhede loop noodwendig op spanning en openlike botsing uit.
5. ’n Gelukkige huwelik is ’n huwelik waarin daar nooit konflik voorkom nie.
6. ’n Mens gaan eers hulp soek nadat jy verskeie pogings aangewend en misluk het.

Die probleem met baie van die mites is dat hulle van die troue die eindpunt maak. Soos ’n oom eendag sê: “As jy eers daar is, is jy daar!” Jy moet net getroud kom en dan saamleef met wat jy daar kry. As jy dit nou regtig nie kan doen nie, is daar gelukkig onder die wet ander alternatiewe wat al hoe makliker en goedkoper word.

Dalk sal dit help wanneer ons soos die advertensie sou begin sê *“Life is a journey.”* Die huwelik is ’n reis. Tydens die reis gaan ons soms om onbekende draaie, teen opdraandes op, verby gevaarlike afgronde, maar vir die wat deel van die reis bly, wag daar by geleentheid die onbeskryflikste uitsigte.

’n Tweede opmerking: Ons moet verstaan dat ook ons huwelik deel is van die groot gesprek wat Paulus tot hiertoe gevoer het oor die familie van God. Al die eienskappe van die familie wat hy tot hiertoe genoem het, geld ook vir die huwelik. Kan ons net weer drie van hulle noem:

Die opdrag is ook aan **man en vrou** om God teenoor mekaar te mimiek: 5:1

Die opdrag is ook aan **man en vrou** om mekaar lief te hê 5:2

Die opdrag is ook aan **man en vrou** om onder die beheer van die Heilige Gees te lewe 5:18.

Wat skryf Paulus spesifiek oor die huwelik?

Wanneer 'n mens vir vroue sou vra wat die deel vir hulle sê sou hulle onmiddellik antwoord: "wees aan julle mans onderdanig....."

Hoe moet ons hieroor dink. Kom ons vra eers hoe baie mense deur baie eeue daaraan gedink het. Vir lank is die verhouding tussen man en vrou gekenmerk deur 'n hiërargiese struktuur. Pa is eerste in rang as hoof en leier, Ma is onder sy gesag en die kinders weer ondergeskik aan die ouers. Die man neem op 'n meer of minder outokratiese manier die belangrikste besluite vir die huwelik en huis. Die samelewing het ordentlikheid en stabiliteit vereis en dit was die man se eer om dit in die huwelik te kweek. Van die vrou is dit verwag om haar te skik en te konformeer. Hierdie siening herinner natuurlik sterk aan die siening wat geheers het in die tyd waarin die Bybel geskryf is.

In die Mediterreense wêreld rondom die eerste eeu is vroue as tweedeklas-burgers beskou. Volgens die Joodse filosoof, Filo van Aleksandrië, is slegs mans na die beeld van God geskape. Geen wonder nie dat 'n bekende Joodse rabbi in die tyd van die Nuwe Testament kon sê daar's drie dinge aan 'n vrou wat altyd bedek moet wees: haar mond, haar bene en haar hare. Met haar mond praat sy nonsens; met haar bene verlei sy ander mans, en met los hare daag sy haar eie man se gesag oor haar uit. Die persepsie oor vroue was dat hulle minder intelligent, meer verleidelik en veel meer geslepe as mans was. Daarom dat hul eintlike plek, as besittings van die man, altyd binne die mure van die huis was.

Van hier af was dit net nog een klein treetjie vir mans in ons tyd om te dink dat sy vrou 'n onbetaalde bediende moet wees wat altyd op aandag staan en die "baas" se opdragte uitvoer. Die 1933 vertaling het dit natuurlik ook makliker gemaak om so te dink deur die deel oor die huwelik te begin met die opdrag in vers 22 dat die vrou onderdanig moes wees. Dit het plek-plek tot groot verwarring in die kerk, rakende die rol van man en vrou, aanleiding gegee.

Kom ons kyk weer na die deel. Die 1983 vertaling begin die deel oor die huwelik reeds in vers 21. Indien die deel so gebruik word, dan sê Paulus op 'n verrassende manier in sy openingswoorde oor die huwelik dat sowel mans as vroue aan mekaar diensbaar en ondergeskik is!

Binne die huwelik offer beide man en vrou vrywillig hul "regte" op vir die lewenslange voorreg om mekaar in die teenwoordigheid van die Here te dien en lief te hê. Hier funksioneer die kerk as rolmodel vir die vrou se liefdesdiens teenoor haar man, terwyl die Here se opofferende liefde vir sy kerk as rolmodel vir die man dien. Nooit staan dienslewering aan die kant van een huweliksmaat los van die wederkerige liefdesdiens van die ander nie. Volgens die Nuwe Testament sluit liefde altyd en oral dienslewering in (vgl 1 Korintiërs 13).

Kom ons stel dit nog duideliker. Murray Janson skryf êrens aangrypend dat vir die vrou die woord "onderdanigheid" ten diepste beteken om 'n dak oor haar lewe te hê. God sê vir die vrou dat sy haar man as 'n dak moet beskou wat Hy oor haar geplaas het om haar

te beskerm. *Die man moet haar dien deur vir haar 'n dak te wees!* Sy moet die man dien deur hom toe te laat om vir haar 'n dak te wees. Met die besluite wat haar man neem, die rigting wat hy aandui en die leiding wat hy gee, moet hy sorg dat sy maksimaal kan groei. Soos die gemeente aan die Here onderdanig is en Hy hulle beskerm, so moet die vrou na die man kyk en vir hom sê: "Ek wil nie buite jou om en los van jou beweeg nie. Ek wil nie op my eie wees nie. Kom en beskerm my, asseblief. Ek waardeer jou as die dak oor my lewe!"

Alhoewel Paulus in Efesiërs 5 eerste met die vrou praat, is die deel wat hy vir die man skryf net mooi drie maal so lank. Miskien is dit omdat hy geweet het dat dinge baie duidelik en volledig vir mans gesê moet word!

Wat is die hoofboodskap vir die man? Die meeste mans sal dié deel lees en sê dat God van hulle liefde verwag. Dit is nie die volle waarheid nie. God het soveel waardering vir die vrou dat hy die soort liefde wat mans moet hê volledig spesifiseer. Hy laat die liefde nie aan hulle willekeur oor nie, maar sê dat mans hulle vrouens moet liefhê soos Christus sy gemeente liefhet. Hulle dienende liefde moet van dieselfde kwaliteit as Jesus se liefde wees.

Hoe lyk sy liefde? In vers 25 staan dat sy liefde Hom sy lewe gekos het. Christus het nie baie of al sy besittings gegee nie. Hy het sy lewe gegee. Die ou vertaling lui dat Hy Homself gegee het. Soveel vroue kla dat hulle mans vir hulle die mooiste motors koop en die beste klere gee, maar nie hulleself nie. Hulle leef los van hulle vrouens en maak nie die diepste dele van hulle hart oop nie. Liefde is om jouself vir jou vrou te gee.

Christus se liefde het ook verdieping in mense se lewens gebring. Verse 26 en 27 sê dat Hy mense gereinig het sodat hulle sonder vlek of rimpel sou wees. Jesus het elke keer wanneer hy met iemand gewerk het en die persoon bereid was, 'n beter mens agtergelaat. Jesus praat met 'n tollenaar en maak van hom 'n dissipel. Hy ontmoet 'n slegte vrou by die put van Sagar en sy word 'n volgeling. 'n Moordenaar hang langs hom aan die kruis; Jesus werk met hom en hy word die eerste mens wat ná die kruisiging in die hemel ontvang word.

Liefde is vir die man om vir sy vrou te sê: "Toe ek jou die dag voor die kansel ontvang het, was jou lewe ses en sewentig persent reg. Ek gaan jou so dien, jou so liefhê, so met jou praat, so oor jou dink en so met jou werk dat wanneer ek jou die dag vir die Here teruggee, jy vyf en tagtig persent geword het."

Dit is die liefde wat die Here van 'n man verwag.

Wanneer 'n man en vrou so oor mekaar dink en so teenoor mekaar optree word iets van God se koninkryk sigbaar en beleef die wêreld die heerlijkheid van die Kerk.

8. DIE MESSIAS IS TUSSEN JULLE

Efesiërs 6:1 *Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 2 "Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 3 "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." 4 En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.*

Moeder Theresa het by geleentheid gesê: "Kyk na jou naaste soos jy weet Christus na hulle kyk. Kyk na jou naaste met oë wat na iets van Christus in hom of haar soek. As Jesus gesê het dat alles wat ons aan 'n naaste doen, ons eintlik aan Hom doen, dan is Hy mos in al ons broers en susters teenwoordig."

Kom ons illustreer hierdie waarheid vanaand verder met 'n verhaal van Francis Dorff:

Daar was 'n klooster waarin talle jong monnike gewoon en gewerk het. Die plek het altyd weerklink van hul musiek en dreunsang. Maar toe het die klooster moeilike tye begin beleef. Later was dit leeg en verlate. Niemand het meer die klooster besoek vir geestelike leiding en gebed nie. Net 'n handjie vol van die ouer monnike het oorgebly en met swaar harte tot God gebid.

Rondom die klooster was 'n woud en op die randjie daarvan het 'n rabbi 'n hut gebou. Hy het van tyd tot tyd daar kom bly om te vas en te bid. Niemand het ooit met hom gepraat nie, maar wanneer hy daar was, het die monnike gefluister: "Die rabbi wandel weer in die woud." En solank hy daar was, het die monnike sterker gevoel, so asof hulle deur sy gebede gedra word.

Eendag, na 'n nagmaal wat deur net enkele persone bygewoon is, het die hoof van die klooster sy hart by die rabbi gaan uitstort. Toe die hoofmonnik nog aankom na die hut toe, het hy die rabbi al in die deur sien staan met sy arms uitgestrek in 'n gebaar van verwelkoming. Dit was asof hy al 'n lang tyd daar staan en wag het. Die twee het mekaar soos broers omhels.

Na 'n rukkie wys die rabbi vir die hoofmonnik om in te kom. Op 'n tafel in die middel van die vertrek lê die Skrif oop. Saam sit hulle vir 'n rukkie daar met die Ou Testament oop tussen hulle. Toe kyk die rabbi met deernis in sy oë na die monnik en sê: "Dit is vir my so hartseer om te sien met watter swaar harte jy en jou paar medebroers die Here dien. Ek dink jy het na my toe gekom in die hoop dat ek vir julle 'n boodskap sal hê. Ek sal vir jou die enigste woord wat ek vir julle het, saamgee. Maar jy mag dit net een keer vir jou broers sê. Daarna mag julle nooit weer daaroor praat nie."

Toe kyk die rabbi die monnik in die oë en sê sag: "Die Messias is tussen julle." 'n Rukkie was dit doodstil. Toe sê die rabbi: "Nou moet jy gaan."

Die monnik het die hut verlaat en teruggegaan sonder om te groet en sonder om een keer terug te kyk. Die volgende oggend het hy al die monnike in die klooster bymekaar geroep en hulle vertel dat hy 'n boodskap van die rabbi wat in die woud wandel ontvang het. Hy mag dit net een keer vir hulle sê en dan mag hulle nooit weer daaroor praat nie. Toe kyk hy om die beurt na elke broer in die vertrek en sê: "Die rabbi sê die Messias is hier tussen ons."

"Wat bedoel jy?" wou hulle weet. "Is broer Johannes die Messias? Of vader Matteus? Of dalk broer Thomas? Is ek dalk die Messias? Wat kan die boodskap beteken? Kortom: Hulle was almal verbyster deur die rabbi se woorde. En niemand het ooit weer daaroor gepraat nie.

Maar stadig maar seker het die gedagte 'n verandering by hulle gebring. Die monnike het mekaar met besondere ontsag begin behandel. Elkeen het in die ander 'n moontlike messias raakgesien; en elkeen was verwonder by die gedagte dat dit dalk hy self kon wees. Daar het 'n besondere sagtheid, 'n diepe deernis vir mekaar by hulle begin posvat wat moeilik is om te beskryf, maar wat maklik gesien kon word.

Hulle het met mekaar saamgeleef soos mense wat uiteindelik gevind het waarna hulle soek. Die paar besoekers wat soms daar gekom het, is diep geraak deur die kwaliteit van die monnike se lewe en wedersydse liefde. En kort voor lank het mense weer van oraloor gekom om deur die monnike se gebede vertrous en gehelp te word. Jong mense het ook weer begin aansoek doen om as monnike tot die klooster toegelaat te word.

Die rabbi wat die woud bewandel het, is nooit weer gesien nie. Sy hut was leeg en verval. Maar op 'n manier voel die monnike wat sy woorde geglo het, nog steeds vertrous en versterk elke keer as hulle aan hom dink. (Uit. Stories van die lewe. Omnibus. P. 148-150)

Hierdie verhaal help ons in die nadink oor die gedeelte waarin Paulus die verhouding tussen ouers en kinders beskryf. Hoe begin Paulus dié deel? Deur te sê dat kinders **as gelowige** aan hulle ouers **gehoorsaam** moet wees. Wanneer 'n kind begin verstaan dat hierdie verhouding ook deel is van ons Familie van God wees dan verander dit alles. Hierdie verhouding word deel van sy/haar geloofslewe!

Die vorm wat hierdie deel van die geloofslewe aanneem is gehoorsaamheid. Natuurlik klink dit alles so oudmodies. Iemand stel voor dat die teksdeel in ons tyd eerder moet lui: "Ouers, wees aan julle kinders gehoorsaam want dit sal konfrontasie uitskakel en vrede in die huis bring". Oudmodies of nie, God verwag dat kinders gehoorsaam moet wees. Wat is gehoorsaamheid?

Vir ons doel kan ons sê dat die woord gehoorsaam uit twee hoofdele bestaan: ge-HOOR-SAAM. Kinders moet hulle ouers "hoor", noukeurig na hulle luister en die pad "saam" met hulle loop. Dit is natuurlik waar dat 'n kind as deel van volwasse word, die eie ding wil begin doen en hulle eie vlerke wil spreid. Hulle beleef verder dat hulle ouers ook maar gewone mense met voete van klei is. Ouers het egter twee dinge wat só belangrik is: 'n lewe vol ondervinding en 'n onblusbare liefde vir hulle kinders. Oor baie van die dinge waarmee kinders nou worstel, het hulle ouers reeds vroeër, baiekeer deur skade en skande, kosbare lesse geleer. Luister na hulle en stap die pad saam met hulle.

Paulus gebruik 'n tweede woord. Kinders moet hulle ouers "eer". Die woord "eer" vra dat ouers vir hulle kinders belangrike mense sal wees. Soos die opinie, wense en voorbeeld van 'n gunsteling sportster vir 'n kind baie belangrik is, moet ook hulle ouers s'n vir hulle belangrik wees. 'n Jongmens kan so maklik sê: Ag, wat weet die oumense tog? Onthou dat dit God is wat hulle gekies het.

In die lig van die verhaal van die monnike moet kinders weet dat die Heer deur hulle ouers in hulle lewe teenwoordig wil wees. Wanneer hulle hulle ouers sien moet hulle vanuit die diep wete leef: "die Messias is hier". Wanneer kinders dit raaksien en aanvaar, verander

dit die manier waarop hulle met hulle ouers praat, hoe hulle na hulle luister en teenoor hulle optree, radikaal.

Vir die ouers sê Paulus, deur die vaders: ***En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.*** In Kolossense 3:21 skryf Paulus in 'n soortgelyke deel: *Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.*

Ons kan hier baie tyd spandeer aan wat ouers nie moet doen nie, maar moet eerder fokus op die diep waarde wat hier gestel word. Heelwat van die Engelse vertalings gebruik die woord "nurture" hier - koester. Ouers koester julle kinders! Skep vir hulle ruimte om in te groei en tot hulle volle potensiaal te ontwikkel. Kan ons hier dieselfde beginsel gebruik as by die kinders. Ouers kyk na julle kinders en sê: "die Messias is hier".

Ons het die tweede aand vir mekaar gesê dat elke lid van die Familie begaafd en begenadig is en die potensiaal het om die familie te bou. Wanneer 'n ouer so na sy of haar kind kyk en hulle optrede daarvolgens rig gebeur daar wonderlike dinge.

Die bekende skilder Benjamin West vertel van 'n geleentheid toe sy ma dorp toe gegaan en hom by die huis saam met sy jongste suster gelos het. Terwyl sy ma weg was het hy 'n bottel gekleurde inkt in sy ma se laai ontdek en begin om 'n skildery van sy suster Sally te maak. In sy onbeholpenheid het hy klomp van die verf op die mat gemors.

Toe kom sy ma terug. Sy het die gemors gesien maar niks gesê nie. Sy het die stuk papier waarop hy geskilder het opgetel en uitgeroep: "Dis lyk nes Sally". Toe buig sy vooroor en soen hom.

Jare later het Benjamin West gesê: "My ma se soen het van my 'n skilder gemaak."

Dit is by uitnemendheid die boodskap van hierdie deel. Ouers en kinders kyk na mekaar en sê "die Messias is hier". Jy pa/ma boetie/sussie is God se geskenk om ons familie te seën en te help.

Wie so dink en praat en doen beleef nie net dat Hy of sy tot seën van die ander in die familie is nie, maar dat hy of sy self geseën word.

9. DIE FAMILIE: 'N GIMNASIUM VIR DIE LEWE

Efesiërs 6:5 Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. 6 Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. 7 Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. 8 Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry. 9 En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.

Dalk het jy dit vreemd gevind dat ons vanaand hierdie skrifgedeelte lees. Die rede is eenvoudig omdat dit so op die oog af lyk asof dit nie so goed by ons gesprek oor families inpas nie. Tot nou toe het ons uitsluitlik gefokus op familiedinge, soos die woorde wat ons teenoor mekaar gebruik, die huwelik en ouer-kindverhoudings, om maar net 'n paar te noem. Aan die anderkant voel hierdie deel so half na iets buitekant die huis en die familie.

Die rede hiervoor is doodgewoon dat die Here die familie by uitnemendheid bedoel het as gimnasium vir die lewe waarin die verskillende lede van die familie mekaar voorberei vir die taak wat ons in die wêreld daarbuite het. Dit is die kweekskool waar ons mekaar toerus vir die eise van ons alledaagse lewe.

Kan ons hierdie opmerking as sleutel vir die verdere gesprek gebruik. Om dit te kan doen gaan ons somtyds die fokus 'n bietjie breër maak as wat die oorspronklike teks gedoen het. Kom ons begin deur te sê dat die familie by uitnemendheid die gimnasium is waar ons oefen en leer hoe om ons werk as gelowiges uit te oefen.

'n Man kla nou die dag oor sy werk en sê: "Gelukkig hoef ek nie my werk te geniet nie, want God het dit mos oorspronklik as straf gegee". Is dit so? Moet ons ons werk as deel van ons straf hier op aarde sien? Nee, duisend maal nee! Jesus het ook dit aan die kruis van Golgota kom verander en daarom kan ons beroep en ons lewenstake 'n fees, deel van ons vreugde wees.

Voordat jy half sinies sê: "Ja, maar jy weet nie hoe dit nou by my werk gaan en ook nie hoe my baas optree nie", moet jy onthou dat hierdie deel vir slawe geskryf is. Daar was na beraming sowat 60,000,000 slawe in die Romeinse ryk. Die lewe van 'n slaaf was onbeskryflik sleg. Kom ons noem twee voorbeelde. Varro skryf 'n handleiding vir boere en dan klassifiseer hy plaasimplimente onder drie afdelings: die wat kan praat, die wat leef, maar nie kan praat nie en die wat nie leef nie. Slawe val onder die eerste groep, diere onder die tweede en masjinerie onder die derde. Hy skryf: 'n Slaaf is niks beter as 'n bees wat nie kan praat nie! Keiser Augustus het 'n slaaf laat kruisig omdat die 'n troeteldier van Augustus laat sterf het. Jy sal saamstem dat die hoofstuk vir mense geskryf is waarvan die werksomstandighede voorwaar haglik was.

Wanneer sal ons ons werk geniet en dit vir ons vreugde bring? Efesiërs 6 help ons daarmee. In dié hoofstuk word 'n paar belangrike dinge genoem. Paulus skryf dat ons moet werk asof ons in diens van die Here is. Ons het gisteraand gesê dat ons God in ons ouers en kinders moet raaksien. Hier sê Paulus dat God ook agter ons werkgewer staan. Ons moet elke ding "asof vir Jesus" doen. Wat beteken dit?

Vers 6 sê dat ons nie net mag werk om deur ons werkgewer raakgesien te word nie. Iemand wat so werk, doen alles deeglik, net as ander hom sien.. Dan is hy stiptelik, vriendelik en hardwerkend, maar hy pas nie dieselfde reëls toe waar daar niemand is wat hom sien nie. 'n Christen weet egter dat die Here hom orals raaksien, ook daar waar hy alleen is, en doen daarom op sulke plekke nog méér as andersins.

Daar word vertel dat toe Phidias die beeld van Diana, wat later op die Akropolis sou staan, uitgebeitel het, hy vir weke op hoë steiers gestaan het om haar hare uit die marmer te vorm. Iemand het vir hom gesê: "Daardie beeld moet 30 meter in die lug opgaan en sal met haar rug na die marmermuur staan. Wie sal ooit weet van die werk wat jy daaraan gedoen het?"

"Maar," het Phidias geantwoord, "die gode sal dit sien."

Hoeveel te meer moet ons nie te alle tye ons werk voor die aangesig van God doen nie.

'n Tweede uitdrukking wat hier gebruik word, is van harte (vers 6). Ons moet ons met hart en siel toelê op ons werk. Dit kan so maklik gebeur dat ons werk bloot net om 'n salaris te verdien en aan die einde van die maand daardie nuwe kar of televisiestel af te betaal. Dan is die 31 dae tot by betaaldag lank en vervelig. Dit maak nie saak of ons agter 'n kasregister staan of groot geboue ontwerp nie, ons moet met ons hele hart daarin wees.

Vers 8 sê dat die Here mense beloon vir die wyse waarop hulle werk. Hy gee vir dié wat getrou en hardwerkend is, wat stiptelik en noukeurig leef, die bonus van vreugde en vrede in dit wat hulle doen. By alles sal hulle eendag hoor: "Mooi so, goeie en getroue diensknepte" 'n Mens sien hulle dadelik raak as jy by 'n winkel instap en jy herken die klank in hulle stemme as hulle die telefoon beantwoord. Hier is koningskinders wat koningswerk doen.

Kom ons gaan 'n paar tree terug en praat oor die familie as gimnasium. Hierdie is die eerste en seker die belangrikste plek waar ons hierdie beginsels oefen en vir mekaar demonstreer. Hoe ons oor ons beroep aan etenstafel praat skep die ruimte waarbinne ons kinders in die toekoms gaan opereer. Hoe ek as ma my daaglikse huispligte uitvoer bepaal verseker hoe my dogter eendag in haar huis daarvoor gaan dink. Hoe lank dit vir pa vat om die gloeilamp in die gang te vervang leer vir die seun hoe die ritme van die lewe moet wees. Hoe ons oor ons "base" praat vorm by hulle die raamwerk vir hulle eie nadink oor gesag in die jare wat kom. Dalk is dit 'n ooreenvoudiging as 'n sielkundige hieroor skryf: "Wys vir my jou optrede by die werk en ek sal vir jou sê hoe jy groot geword het". Die onderliggende waarheid hierin kan ons egter nie ontken nie.

Paulus spreek 'n tweede saak aan, naamlik die verhouding tussen "eienaars" en "slawe". Weereens is die gevaar daar dat ons gemaklik agteroor kan sit en sê: "gelukkig is die tyd van slawery lankal verby."

Dit sou darem 'n baie gebrekkige lees van hierdie deel wees. Ons kan met groot vrymoedigheid hierdie deel toepas op ons optrede teenoor enige persoon wat in ons diens is. Hier kan ons onmiddellik dink aan hulle wat vir ons in ons besighede, huise en tuine werk. Ons kan egter nog 'n treë verder gee en dink aan almal wat ons be-DIEN van agter 'n toonbank, by 'n kasregister en selfs 'n vulstasie.

Oor hierdie verhouding sê die Here: *En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.*

Hier is twee baie belangrike riglyne. Die eerste in die woorde *dieselfde gesindheid*. Al die kommentare verwys hier na die bevel van die Here in Matteus 7:12 *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.* Samewerking is altyd 'n tweerigting straat. In effek se Paulus vir die "base": Bevorder hulle welwese soos jy verwag hulle joune moet bevorder. Toon dieselfde belangstelling in hulle sake as wat jy sou wou hê hulle in joune moet toon. *Hou op om hulle te dreig*. Wees positief. Dra iets van die son van die Here se genade in julle kontak en saamwees in. sien die mens agter die voorskoot, grassnyer of kasregister raak.

Die tweede riglyn is net so belangrik. Hoor dit weer: *Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.* Iemand skryf aangrypend hieroor: Dieselfde Verlosser het aan dieselfde kruis dieselfde bloed laat vloei vir al God se mense en daarmee finaal bewys dat daar by God geen onderskeid is nie. Watter verandering bring dit nie in ons optrede wanneer ons deur hierdie bril na die mens wat ons be-DIEN begin kyk nie.

Kom ons sluit af deur weer na ons tema vir die aand te kyk en te bevestig dat die familie ook in hierdie opsig 'n leerskool vir die lewe is.

In hierdie tye van hoogspanning tussen verskillende bevolkingsgroepe luister kinders oor etenstyd baie aandagtig hoe pa en ma die dag se gebeure vertolk en hulle optrede môre by die skool en op die sportveld gaan iets van hierdie gesprek weerspieël. Ons land roep vir ouers en oupas en oumas wat die waarheid van Efesiërs 6 begin uitleef.

Hoe wonderlik is dit nie wanneer een van die bekende predikante in ons land by 'n openbare geleentheid wanneer iemand vir hom vra waar hy geleer het om so betekenisvol met mense om te gaan, antwoord: "In die fabriek waar my pa as 'n ongeskoolde werker mens tussen ander mense was."

Mag die Here hierdie herlewing in ons almal se harte bring!

10. DIE FAMILIES LEEF ONDER BEHEER VAN DIE HEILIGE GEES

Efesiërs 5:18 *Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, 19 en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here. 20 Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.*

1 Korintiërs 2:12 *Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. 13 Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het. 14 Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. 15 Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie. 16 Daar staan geskrywe: "Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal Hom raad gee?" Maar ons, ons het die Gees van Christus.*

1 Korintiërs 3:1 *Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus. 2 Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie, 3 want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie? 4 As een van julle sê: "Ek is vir Paulus," en 'n ander: "Ek is vir Apollos," is julle dan nie nog wêrelds nie?*

As daar een begrip is waaroor Christene somtyds sterk verskil, dan is dit die woorde: "Vervul met die Heilige Gees." Vir baie mense beteken dit dat jy meer van die Heilige Gees moet kry. Na jou bekering kry jy net 'n klein deeltjie van Hom en dan moet jy bid en soek en wag om meer van Hom te kry. Jy kan die deel van die Heilige Gees wat jy gekry het, weer verloor sodat jy somtyds meer van Hom het en ander kere weer minder.

Teenoor hierdie standpunt sê die Bybel uitdruklik dat vervulling nie beteken dat jy meer van die Heilige Gees moet kry nie, maar dat Hy meer van jou moet kry.

Kom ons verduidelik dit só: tydens jou bekering en wedergeboorte was die Heilige Gees reeds in jou teenwoordig (1 Korintiërs 12:3). Niemand kan tot bekering en geloof kom as die Heilige Gees nie in hom woon en die werk in hom doen nie. Net Hy kan dit doen.

Jy moet verder onthou dat die Bybel altyd van die Heilige Gees praat as 'n persoon wat al die eienskappe van 'n persoon het. Hy kan hartseer word (Efesiërs 5:30); jy kan Hom teenstaan (1 Tessalonisense 5:19); Hy staan mense by en bid namens hulle (Romeine 8:26), ensovoorts. Die Heilige Gees is 'n persoon soos Jesus en die Vader persone is. Die grootste fout wat jy kan maak, is om te dink en te praat asof die Heilige Gees 'n krag of 'n wese is, amper iets spookagtig.

En nou die belangrikste: as Hy 'n persoon is, kan jy Hom mos nie stukkie vir stukkie ontvang nie. Jy het nie toe jy laas by jou kamerdeur ingestap het, eers jou arms ingestuur, toe jou lyf en daarna jou kop nie. Omdat jy 'n persoon is, is jy óf volledig in 'n vertrek, óf glad nie. Jy kan nie gedeeltelik daar wees nie. Net so min kan jy eers baie van die Heilige Gees hê en dan minder en dan weer meer.

Toe Hy in jou kom woon het, het Hy volledig in jou kom woon. As jy 'n kind van die Here is, het jy die Heilige Gees volledig. Daar is nie een Christen in die wêreld wat nou leef of wat reeds geleef het wat meer of minder van die Heilige Gees as jy het nie. Wat 'n heerlike wete is dit nie!

Die Heilige Gees woon volledig in elke Christen en "vervul word met die Gees" beteken nie dat jy meer van Hom moet ontvang nie. Jy kan Hom nie méér hê as wat jy Hom nou het nie.

Nou kan jy dadelik vra: maar as Hy reeds voluit in my woon, waarom sukkel ek dan so in my geestelike lewe? As Hy die Gees is wat krag gee, waarom bly ek kragteloos? Die Bybel sê dat Hy my wil help met my gebedslewe en tog voel dit vir my asof my gebed nog steeds teen die dak vasslaan. Ek sukkel só!

Kom ons kyk 'n bietjie verder na "vervul met die Gees". 1 Korintiërs 2 help ons baie. In hierdie deel word drie groepe mense beskryf. Die eerste kry ons in vers 14: *Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.* Hierdie is die natuurlike mens, die mens in sy of haar natuurlike staat, sonder God. Dit is die ongeredde mens, die mens wat nog nie wedergeboorte ervaar het nie. So 'n mens het nie die Gees van God nie en verstaan ook nie die dinge van God nie. Hierdie beskryf die toestand van baie mense buite die kerk, maar, moet ons ongelukkig ook sê, sommige mense binne ons gemeentes.

Dan is daar die tweede groep. Paulus beskryf hulle in hoofstuk 3:1 en verder: *Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus.* Hierdie groep is Christene, hulle het die Heilige Gees volledig as deel van God se erfenis en rykdom ontvang, maar en dit is 'n groot maar... hulle laat hulle nie deur die Gees van God lei nie. Paulus noem hulle "wêreldse mense". 'n Term wat baie maal oor hulle gebruik word is "vleeslike Christene". Hoe tragies is die resultaat hiervan nie in hulle lewe nie. Hulle groei nie (vers 2), daar is jaloesie en twis by julle (vers 3), daar is onsedelikheid by hulle (5:1), hulle dagvaar mekaar voor die hof (6:1) ensovoorts. Mense wat die Gees van God het, maar deur Hom gelei word nie.

Dan is daar die derde groep. Hulle is die wat die Gees van God het en hulle laat lei deur die Gees van God. Hulle verstaan die verborge dinge (2:9), praat met die Gees se woorde en verstaan geestelike dinge (2:13). Hulle kan die regte waardebeplanning doen (2:15). Hulle is die geesvervulde Christene.

Hoe word 'n mens en familie dit. Kom ons probeer om dit so te verduidelik. Baie van ons trek een of ander tyd in 'n eie plekkie in. Ná 'n tyd besluit jy dan dalk dat daar heelwat verbeterings aangebring moet word: die muurpapier hang aan repe, 'n klomp van die teëls in die badkamer is gebreek en die gastekamer is heeltemal te klein.

Jy skakel iemand om al die reparasies te kom doen en wanneer die persoon by jou huis opdaag, nooi jy hom in. Nou moet jy vir hom die sleutels van die hele huis gee sodat hy orals kan ingaan en al die plekke kan herstel. Hy kan net in die kamers waarvan hy die sleutels het, herstelwerk doen.

So is dit ook met die Heilige Gees. Hy woon reeds volledig in jou en Hy is begerig om al die kamers van jou lewe te vernuwe, maar dan moet jy in 'n **doelbewuste** en **voortdurende** keuse vir Hom volle toegang gee. Wanneer julle huisgesin vir Hom die sleutel van julle tonge gee, gaan hy in daardie kamer in en maak Hy van julle kragtige getuies en bidders. Gee jy vir Hom toegang tot jou "handekamer", verander Hy jou vingers wat so maklik allerhande tekens wys en so gou 'n ballende vuis word in 'n hand wat help en liefde wys. Gee julle vir hom julle "slaapkamer" maak Hy julle huwelik 'n fees en gee jy vir Hom jou "sitkamer" vernuwe Hy jou verhouding met jou vriende en familie. Dit is vervulling met die Heilige Gees.

Aanvaar tog dat wanneer jy alles van jouself vir die Heilige Gees gegee het, Hy ook voluit in jou werk. Is dit genoeg om dit net een keer te doen? Nee, dit is 'n lewenslange proses. Jy moet elke dag begin deur in gebed te sê: "Hier is my hele lewe," en in die aand moet jy die dele wat jy deur die dag teruggevat het, opnuut vir Hom gee. Só word jy vervul en vernuwe.